



# Lekkerbekkie Nuusbrief

25 JUNIE 2013 | UITGAWE 17

**Inhoud:**

- \* Gratis kinder storie: Die stink blommetjie
- \* Gratis inkleurprentjie
- \* Bestel ons Lekkerbekkie Storieboek @ R60!

Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Die stink blommetjie deur Anna Emm

Daar was eenmaal 'n stink blommetjie wat tussen die ander blommetjies in 'n mooi tuin gegroei het. Die blommetjie het nie die heeltyd gestink nie – net wanneer sy skrik of benoud raak. Sy kon dit nie help nie, en dan het dit haar altyd vreeslik skaam gemaak.

Op 'n dag vlieg 'n groot kewer oor die blommetjie se kop, en sy skrik so groot dat sy begin stink.

“Wie stink so?” vra die roosboompie oorkant die paadjie. “Nou kan die mense nie my pragtige rose ruik nie! Hoe onbeskof!”

Die stink blommetjie kruip diep agter die blare weg en hoop niemand kom agter dat sit sý is wat nie lekker ruik nie.

Die volgende dag kruip 'n groot, vet brulpadda deur die bedding. Die blomme grill en jaag hom weg, maar die stink blommetjie het so groot geskrik dat sy dadelik begin stink het.

“Ruik net hoe aaklig ruik daai padda!” roep die ander blommetjies uit en druk hulle neusies toe. Die stink blommetjie maak haar steeltjie so kort as wat sy kan en hoop die ander blommetjies kom nie agter dat dit eintlik sý is wat so stink nie.

Op 'n dag land 'n swerm nare sprinkane in die bedding en begin aan die pragtige blomme knaag!

“Gaan weg!” roep die blomme, maar die sprinkane luister nie.

Die stink blommetjie se hartjie klop woens, en omdat sy so benoud is, begin sy vreeslik stink! Sy stink só erg dat die sprinkane ophou vreet. “Wat is daai reuk!” roep hulle uit. “Dis aaklig! Stop dit! Stop dit!” Die stink blommetjie se stink ruik baie erger vir die aaklige sprinkane as vir die blommetjies, en hulle vlug so ver as moontlik weg van die bedding.

“Dis jý wat so stink, né?” vra een van die ander blommetjies saggies vir die stink blommetjie.


“Ja,” snik die stink blommetjie. “Ek is jammer. Ek kan dit nie help nie. Ek is 'n stink blommetjie.”

Maar niemand is kwaad vir die blommetjie nie, en niemand kla meer oor die stink reuk nie. Al die ander blomme en plante verstaan nou dat die stink blommetjie hulle lewens gered het! En van daardie dag af het hulle baie mooi na haar gekyk. Sy het al die goggas en insekte weggejaag wat aan die plante wou kom knaag, en wanneer sy per ongeluk 'n bietjie gestink het, het die ander blomme gemaak of hulle dit nie ruik nie.

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

# Die stink blommetjie illustrasie deur Elanie Bieldt



**Nuus uit die kantoor:**

# **Al die Lekkerbekkie-stories nou in 'n boek beskikbaar!**

Kry hierdie heerlike A4 boek met 15 stories en inkleurprente @ slegs R60



## **Hoe om te bestel:**

Betaal die regte bedrag + R25 posgeld na ons rekening:

Anna Emm Productions, ABSA 916 338 0225, Takkode 632005 – met jou naam as verwysing.

Stuur dan jou posadres en bestelling na [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

Ons stuur vir jou die "tracking nr" vir jou pakkie sodra dit gepos is.

## **Anna Emm Productions**

021 911 5618 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

[www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)